Tema: God bewerk nuwe lewe deur ware bekering.

Lofprysing met die oog op die erediens
Ps 103 - 1: 1,2,9

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 51 - 2: 1
Seën
Lofsang Ps 86 - 1: 3 en 6
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Hosea 14: 2 – 10
Teks: Hosea 14: 2 - 7
Belydenis: HK Sondag 33, vr en antw 88,89 en 90
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Geleentheid vir gemeente om te reageer op die Woordbediening
Sing Ps 32 - 2: 1,2
Seën
Amenlied Sb 13 - 2.

Geliefde brs. en srs en kinders

Ons het vanmore gehoor dat ons ons verkeerde bouwerk moet afbreek en reg moet bou volgens God se riglyne. Wanneer ‘n mens erns maak met hierdie opdrag van die Here dan kom jy gou agter dat dit ‘n geweldige moeilike opdrag is. Jy ondersoek jou lewe en sien die verkeerde dinge en tog ervaar jy dat jy in baie opsigte nooit regtig verander nie.

Met die beste bedoelinge en voornemens probeer jy om te verander en reg te maak. Maar as jy jou kom kry dan het jy weer gedoen wat jy nie wou doen nie. Dan het daar van die verandering min sprake gekom. Hierdie werklikheid, brs. en srs., kan ‘n mens baie moedeloos maak.

Ons moet egter mooi verstaan dat ons - in die lig van God se dringende oproep om bekering – nie moet dink dat ons ooit volmaak sal wees nie. Sonde is altyd deel van ons lewe en ons moet volhardend daarteen stry sonder om moeg of moedeloos te word. Maar die feit dat ons nooit in hierdie lewe volmaaktheid sal bereik nie, hef aan die ander kant nie die Here se opdrag om bekering op nie. Dit bly nog net so sterk staan daarom begin ons tekshoofstuk vanaand ook weer met ‘n dringende oproep tot bekering.

Om terug te draai na die Here, is ons antwoord op God se genade en verlossing! Daarom plaas die skrywers van die Heidelbergse kategismus hierdie onderwerp in die derde deel van hulle boekie. Nadat hulle in deel 1 verduidelik het dat ons as gevolg van sonde verlore is en in deel 2 verkondig het hoe ons van ons sonde gered kan word, beskryf in hulle in deel 3 oor ons dankbaarheid. Dankbaarheid omdat God ons verlos het en heel eerste praat hulle oor ware bekering. Wat is ware bekering?

Geliefdes, God se opdrag tot bekering en die wyse waarop Hy dit vanaand aan ons oordra **verander ’n mens se siening oor ons stryd tot bekering**: God, br. en sr. vra nie van jou volmaaktheid nie, dan sou Hy ‘n bitter onregverdige God wees wat ons vra wat ons nie kan wees nie. God verwag ook nie van jou om op jou eie hierdie bekering te bewerkstellig nie! Nee, God kom ons ook hierin te hulp

God eis dat jy tot Hom bekeer want Hy werk die nuwe lewe in jou!
Die Here ***vra van jou drie dinge in jou stryd om te bekeer en jou lewe daadwerklik te verander: 1. sondebelydenis, 2.gebed om vergiffenis en vertroue op Hom – dat Hy nuwe lewe in jou sal bewerk!***

Hierdie drie dinge: sondebelydenis, gebed om vergiffenis en vertroue op God is die gereedskap wat God jou gee en waarmee Hy jou lewe verander! Dit is Hy

wat jou die krag en genade verleen om jou lewe te verander, geestelik te groei en te stry teen die sonde in jou lewe.

Die boek Hosea beskryf hoe sonde gelowiges se lewe verwoes! Dit beskryf die hardkoppige ontrouheid en moedswillige ongehoorsaamheid van die volk aan die Here in terme van ‘n huwelik. God het in die huwelik getree met sy volk en hulle het egbreek gepleeg het deur hulle opsetlike volharding in sonde! En dit gevolg van hierdie volharding in sonde is dat hulle lewens verwoes word.

Die gevolge van sonde is verwoestend! Dit verwoes jou verhouding met God, dit verwoes jou innerlike lewe en dit verwoes mense se verhoudinge met mekaar. Dit bring baie hartseer en ellende! Maar bo en behalwe hierdie inherente vernietigende krag van sonde **is daar nog die straf van God wat ‘n mens vernietig.** En daarom roep die Here so dringend na sy volk dat hulle hul van hul sonde sal bekeer.

Want, brs. en srs., **wie volhard in sy of haar sonde sal nie die toorn van God vryspring nie**. In hf 13 beskryf Hosea dat God vir ‘n mens wat doelbewus volhard in sonde word soos ‘n leeu en ‘n beer wat jou bespring en verskeur of Hosea se verder in hf. 13: God van jou van jou lewe ‘n woestyn. Hy is dan soos die warm oostewind wat oor jou waai en alles verdor en vernietig.

Daarom, in antwoord op God se genade moet ons vanaand mekaar weer opnuut aanmoedig met die woorde van vers van vers 2: Keer terug na die Here. Brs. en srs. en kinders: ons moet ons lewe verander en stry teen die verkeerde dinge in ons lewe. Ons kan nie onverstoord aangaan met die sonde en bouwerk doen wat nie God se toets kan deur staan nie. Die kategismus noem dit: die afsterwe van die ou mens! Die afbreek van die ou gebroke stukkende lewenshuis!

Die Here praat met elkeen van ons persoonlik. ‘n Kerk of ‘n volk se bekering is tog net so waar en eg as wat dit waar en eg is van elke lid van daardie kerk of volk. Ons kan nie agter ander wegkruip nie, nee, elkeen word tot verantwoording geroep en as hierdie oproep vanaand van die Here kom: dan praat Hy met elkeen van ons.
Nie met die ander van wie jy dink dat hulle baie meer verkeerd doen as jy nie, Hy praat nie met die persoon wat jou met sy of haar sondige optrede onreg aangedoen het nie, Hy praat met jou. Elke gelowige wat hierdie woorde hoor moet dit ter harte neem.

En kyk net watter *wonderlike visie* gee die Here op hierdie oproep tot bekering: **Hy vra in ons teksvers net drie dinge.** Hy vra nie die onmoontlike wat jou by voorbaat moedeloos kan maak nie, nee net die volgende drie dinge: ***1***) Vers 3:

Erken jou sonde en bely dit met berou voor die Here. Dit is die eerste en dikwels ook die moeilikste. Om my sonde raak te sien en te erken dat ek in wese ‘n sondige mens is. Ons menslike natuur wil dit juis nie erken nie: ons sluit ons oë vir die werklikheid en soek eerder die foute in ander mense se lewens as by onsself.
En daarom vra die Here hierdie eerste stap. Erken jou sonde en bely dit voor die Here. Die kategismus voeg daarby: haat dit en vlug daarvan weg!

2) Die volgende wat die Here vra is***: Vra Hom om vergewe te word***. Die vorige vertaling stel dit baie mooi: “ons sal ons lippe as offerdier aanbied” Ek kan niks gee as offer vir my sonde nie. Geliefdes, daar is niks in jou lewe wat jy die Here kan aanbied as losprys vir jou sonde nie: geen offer wat vir jou sonde kan betaal nie.
En wat wil ons nie dikwels aanbied nie: selfkastyding en selfbejammering. Of ‘n poging om dinge reg te maak met ‘n paar goeie dade sodat die Here my tog net nie sal straf nie. Of skuldgevoelens wat ek onnodig dra om my te herinner aan my sonde nie.

Dit alles bring geen vergifnis nie. Nee, net my lippe as offer: alleen my opregte gebed om vergifnis by my Vader is nodig om die vergiffenis te ontvang wat Hy vir my wil gee. Want net die offer van sy Seun aan die kruis kan my sonde vergewe. Gryp dan in gebed was aan Christus en sy offer en jy vind by God vergewing. Dit is al wat Hy van jou verwag: nie om self te betaal nie, maar om die offer wat Hy vir jou bewerk het, te aanvaar in die geloof: dat al my sonde deur Jesus Christus versoen is. Daardie offer wat jy vanoggend tasbaar met brood en wyn herdenk het.
Die kategismus noem dit ons vreugde in God “deur Christus” – dat ons die vreugde van die nuwe lewe in Christus soek en najaag

3) Die derde ding wat God vra: **Dat jy jou vertroue op Hom** sal stel in jou stryd teen die sonde. Die kategismus noem dit: die opstanding van die nuwe mens! Dat jy ‘n lus en liefde het om nuut te lewe! Nie deur op jouself te vertrou om alles reg te maak nie want jy weet uit ervaring dat jy nie self kan nie! Nie deur te verwag dat iemand anders jou daarmee moet help nie – want ander kan dit ook nie doen nie! Nee, stel jou vertroue op God, Hy kan.

Brs. en srs. ons moet die gesindheid van ‘n weeskind hê: ek is alleen in hierdie wêreld, ek het niks en is niks: net die Here wat my jammer kry en Hom oor my ontferm kan my help. Daardie hoop wat alleen op God berus! Hy sal my vergewe en Hy sal my nuut maak!

Geliefdes : dit is die pad terug na God! Dit is hoe ek omdraai en hoe God nuwe lewe in my begin! As **jy hierdie weeskindgesindheid van vers 4 openbaar,**

dan is God vir jou soos ‘n Ontfermer, iemand wat na jou toe kom en jou wil help! Dan maak God van die weeskind ‘n Koningskind! Dan help Hy jou en bewerk Hy in jou en deur jou die verandering waarna jy verlang.

Hosea gebruik in ons teks verskillende beelde om hierdie helende, vernuwende bouwerk van God in ons lewe te verduidelik:

Hy sê: God sal vir ons soos die dou wees. Die dou wat die woestynplante laat lewe en groei. God, br. en sr., sal jou die geloofskrag gee sodat jy kan verander. Hy gee die nodige lewenskrag sodat jy kan groei in die geloof. Sonder hierdie dou, **die kragtige werking van die Heilige Gees,** kan jy nie jou lewe verander nie.

Deur die kragtige werking van die Heilige Gees in jou lewe word jy soos lelie wat net aanhou en aanhou blom. Maar jy dra nie net blomme wat verwelk nie.
Jy word ook soos die berg Libanon! **Daar is in jou standvastigheid**. Jy ervaar nie net skielike krag en dan verdwyn alles weer nie, maar in jou is die standvastigheid van die voortdurende werk van die Heilige Gees wat jou sterk maak.

Jou bekering en groei is ook sigbaar soos druiwelote wat oral uitsprei en verder strek. Jou geestelike groei is met God se genade welig en vir almal sigbaar soos die lote wat elke dag verder en verder groei. En daarby versprei jy ‘n aangename geur vir almal wat met jou in aanraking kom. Almal ruik dit en geniet jou.

Klink dit vir jou onmoontlik? In vers 9 sê die Here Hy is vir ons soos ‘n groen sipres waaraan ons vrugte gevind word. Ja, ‘n sipres dra nie vrugte nie, maar God laat die onmoontlike gebeur: jy sondaarmens, weeskind wat niks het en is: word deur God ‘n Koningskind gemaak wat sy lewe al worstelend verander om na die wil van sy Vader te leef. Dit is wat God aan ons almal belowe.

Brs. en srs. moenie moedeloos word in jou worsteling teen jou sonde en jou stryd om bekering nie! God verwag nie die onmoontlike nie: Begin op die regte plek, met belydenis en ware berou, soek God se vergifnis in gebed en stel jou vertrou volkome op Hom! Veral ook nadat ons vanmore aan die Nagmaalstafel, kon ervaar hoedat God hierdie brood en wyn as geestelike voedsel gebruik om weeskinders te voed en te versterk sodat hulle soos Koningskinders kan lewe, **anders, nuut en heerlik mooi.**

Amen.